

NWKV: Kommersialisering van kommunale wolskaapproduksie

Deur Leon de Beer, algemene bestuurder, NWKV

Die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) het in 1997 'n gefokusde Wolskaap-opleiding- en ontwikkelings-program bekendgestel om die uitdagings van kommunale wolboere te hanteer. Dié program word deur die Woltrust befonds en deur die NWKV op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), die uitvoerende afdeling van die Woltrust, geïmplementeer.

Vennootskappe met die nasionale, provinsiale en plaaslike regering, sowel as kommersiële produsente, internasionale donateurs, kommersiële banke, insetverskaffers, tersiêre instellings en die privaatsektor dra by tot hierdie uiters suksesvolle inisiatief.

Die program fokus op die volgende: Die organisering van wolskaapprodusente in wolkwekersverenigings (WKV's) om hul wol gesamentlik te oes, klas en te verpak

(wat hulle in staat stel om toegang tot die formele wolmark te hê); opleiding en mentorskap; markgereedheid en -toegang; die genetiese verbetering van kommunale kuddes en infrastruktuurontwikkeling.

Kommunale boerdery

Wolskaapboerdery bestaan al vir eeue in die kommunale gebiede van die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal (KZN) en die Oos-Vrystaat. Dit is dus 'n bestaande bedryf en 'n bate vir kommunale produsente, hoewel produksiepraktyke drasties verbeter kan word deur toepaslike en konstruktiewe ingrypings.

'n Geskatte vier miljoen skape, wat sowat agt miljoen kilogram wol per jaar produseer, behoort aan kommunale eienaars. Meer as 90% van die wol wat in Suid-Afrika geproduseer word (insluitende wol van kommunale produsente) word uitgevoer, wat beteken dat dit buitelandse geld vir gemeenskappe in die mees afgeleë

en uitgebreide boerderygebiede van die land verdien. Verskeie uitdagings staar egter kommunale boere in die gesig.

'n Onafhanklike studie wat in 2012 deur die Universiteit van Pretoria uitgevoer is, het daarop gedui dat individuele produsente in kommunale gebiede gemiddeld 70 tot 113 skape besit. Dié relatiewe klein aantal skape se opbrengs in terme van jaarlike wolvolumes is gevolglik te klein om 'n individuele produsent in staat te stel om die formele wolmark te betree.

Toegang tot verskillende markte

Wol word gewoonlik by formele veilings in bale wat tussen 100 en 200kg weeg, bemark en verhandel. Wol moet ook in spesifieke gehaltelyne, wat op lengte, sterkte, vesel-deursnee en skoonopbrengs gebaseer is, geklasseer word. Dit skep verdere uitdagings vir kleinskaalse produsente wie se volumes nie voldoende is om die formele mark te betree nie. Gevolglik word hierdie produsente gedwing om hul wol teen pryse wat ver laer as dié in die formele mark is, aan smouse in die informele mark te verkoop.

Die eerste stap om hierdie boere te ontwikkel, is om wolskaapprodusente in WKV's te organiseer. Dit sal hulle toelaat om gesamentlik te oes, klasseer en hul wolskeersel te verpak soos dit deur die formele mark vereis word.

Lede van hierdie verenigings word dan deur gekwalifiseerde en ervare NWKV-produksie-adviseurs opgelei en gementor – praktyke wat die produsente sal bemagtig om aan die uitvoermark deel te neem, om hulle huishoudelike inkomste van wol drasties te verhoog en om hul lewenswyse te verbeter. Elke vereniging het gemiddeld 30 tot 40 individuele lede, wat minstens 240 afhanklikes onderhou.

Die betrokkenheid van private instansies (insetverskaffers in dieregesondheid en voer) en tersiêre instellings (die Universiteit



Zoetis, een van die hoofborge van die Oos-Kaapse Kommunale Wolkwekersvereniging se sesde kongres, het twee Dohne Merino-ramme vir 'n gelukstrekking geskenk. Dit is 'n goeie voorbeeld van die sukses wat die NWKV deur hul privaatsektor-vennootskappe behaal.

van Pretoria, Rhodes Universiteit, Nelson Mandela Universiteit, die Universiteit van Fort Hare, Elsenburg Landboukollege en Grootfontein Landbou-ontwikkelingsinstituut), in vennootskap met die NWKV, is fundamenteel vir hierdie kapasiteitsbou-poging.

Infrastruktuur en genetika

Nietemin is behoorlike infrastruktuur en toerusting nodig om die wol te oes, om die skape te hanteer en te skeer, asook om die wol in bale te klasseer en te verpak. 'n Wolpers verseker dat die bale 'n optimale gewig het, wat help om vervoer- en bemarkingskoste te spaar. Behoorlike dipgeriewe is ook nodig as deel van die infrastruktuur om die skape ná skeertyd teen uitwendige parasiete te behandel. Infrastruktuur vir skeer word gewoonlik in vennootskap met die regering opgerig.

Die NWKV se opleidings- en ontwikkelingsprogram word verder deur 'n omvattende program vir genetiese verbetering ondersteun. Dié program, wat in vennootskap met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en kommersiële wolmakelaars soos BKB en OVK/CMW bedryf word, verseker heelhartige deelname aan die uitvoermark.

Wol word op 'n weeklikse basis in Port Elizabeth opgeveel nadat monsters by die Woltoetsburo getoets is om die gehalte en prys te bepaal. Die wolbedryf het rekords van meer as 1 400 georganiseerde wolproduserende gemeenskappe in die Oos-Kaap en KZN, wat wol van sowat 2 000 skape produseer.

Die opleidings- en ontwikkelingsprogram het reeds 'n drastiese impak op die

inkomste gehad wat die afgelope 20 jaar van wol gegenerer is. Die potensiele inkomste kan egter steeds verdubbel as behoorlike infrastruktuur en ander hulpmiddels ingestel word om hierdie produsente te bemagtig om hul oespraktyke en die klassering van hul skeersels te verbeter.

Die resultaat van behoorlike infrastruktuur wat optimaal benut word, sal die gemiddelde prys van kommunale produsente, wat tans sowat 60% van die nasionale gemiddelde prys is, drasties verhoog. Indien dit gekombineer word met meer wol wat deur die formele uitvoermark bemark word (teenoor die informele wolmark), sal dit verder tot die verbetering van hul wolinkomste bydra.

Impak op kommunale boere

Die ontwikkelingsprogram het al beduidende vordering getoon in die verbetering van kommunale boere se lewenswyse. Dr Dave Tapson van Rhodes Universiteit lei sedert 2004 'n onafhanklike studie oor die sosiale invloed van hierdie program op kommunale gebiede. Die laaste studieverlag is in Julie 2015 gepubliseer.

Die sosiale impak van die wolontwikkelingsprogram in die landelike gebiede van die Oos-Kaap is in 2004, 2006, 2009 en 2015 gemeet. Sommige van die beduidende resultate sluit in:

- Die aantal huishoudings met kinders wat honger gaan slaap, het van 41% in 2004 tot 24% in 2015 afgeneem.
- Die aantal huishoudings met spaarrekenings het van 49% in 2004 tot 84% in 2015 toegeneem.



Die wenner van een van die jaarlikse kuddekompetisies tussen streke wat deur die NWKV aangebied word.

- Die aantal huishoudings wat geld vir skoolgeld moet leen, het van 77% in 2005 tot 48% in 2015 afgeneem.

Die sukses van hierdie ontwikkelingsinisiatief is goed gedokumenteer en word wyd erken vir sy aaneenlopende prestasie oor twee dekades. Die NWKV het ook 'n bewese rekord van suksesvolle vennootskappe met verskeie departemente. Die verbetering van wolinkomste in een van die skeerskure in die Oos-Kaap danksy die opleidings- en ontwikkelingsprogram word in *Figuur 1* uitgebeeld.

Addisionele ontwikkelingsvooruitsigte

Ontwikkeling is 'n basiese verantwoordelikheid van die regering, veral wanneer dit by die "armste van die armes" kom. Dit word gelei deur wetgewing en beleide waarvoor die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram 'n raamwerk verskaf het.

Ontwikkeling in die praktyk vereis egter betrokkenheid van 'n verskeidenheid belanghebbendes om gemeenskappe op te hef tot op 'n vlak waar hulle uiteindelik verantwoordelikheid vir die ontwikkeling en verbetering van hul eie lewenswyse kan neem. Die regering alleen sal baie beperkte sukses in ontwikkeling hê as dit nie in vennootskap met die privaatsektor gedoen word nie. **VP**

Vir meer inligting, skakel
Leon de Beer by 041 365 5030
of besoek www.nwga.co.za.

Figuur 1: Verandering in wolinkomste vir een van die deelnemende skeerskure in die Oos-Kaap.

